

Inhoud In hierdie preek word die verskil tussen die gees van die moderne Christelikheid en die Heilige Gees wat die Here Jesus aan sy Kerk gee, uitgewys. Die gees van die moderne Christelikheid is 'n valse gees. Hierdie gees word deur spirituele leiers voorgehou as die gees wat mense se geestelike verwagtings en versugtinge sou vervul. Hy word ook voorgehou as die gees wat mense se versugtinge vervul wanneer hulle die Here loof, prys en met gebede wag op sy vervulling. Die Heilige Gees is die Gees wat die Here aan ongelowige, verwagtinglose en gebedlose dissipels gegee het om getuies van sy lyding en opstanding uit die dood te wees. Daarom is die gees van die moderne Christelikheid die gees van hulle wat Jesus feestelik ontvang het met sy ingang in Jerusalem. Die Heilige Gees is die Gees wat die Here gee aan die dissipels wat bang, depressief, ongelowig en verward in die bokamer weg gekruip het en geen verwagtings meer van Hom gehad nie. Die Heilige Gees gee aan die Kerk van die Here sy vergifnis op grond van sy lyding en opstanding. Hy vervul nie die massas se geestelike versugtinge en verwagtings nie.

Liturgie

1. Lied 196: 1,2,3 2. Evangelielesing Handeling 2 Petrus se preek Lied 436: 1,2,3 3. Wetslesing Gal. 5 Lied 511 :1,2

Skriflesing: Johannes 12:9 – 19:

"⁹Baie van die Jode het verneem dat Jesus daar is en het daarheen gekom, nie net ter wille van Jesus nie, maar ook om vir Lasarus te sien wat Hy uit die dood opgewek het. ¹⁰Die priesterhoofde het toe besluit om ook vir Lasarus dood te maak, ¹¹omdat baie van die Jode deur hom na Jesus toe oorgeloop en in Hom geglo het.

¹²Die volgende dag het die groot menigte mense wat na die fees toe gekom het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom. ¹³Hulle het palmtakke gevat en Hom tegemoet gegaan en uitgeroep: "Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!" en: "Die Koning van Israel!" ¹⁴Jesus het toe op 'n jong donkie geklim wat Hy daar gekry het, soos daar geskrywe staan: ¹⁵"Moenie bang wees nie, Sion! Kyk, jou Koning kom, en Hy ry op 'n donkie." ¹⁶Jesus se dissipels het hierdie dinge eers nie verstaan nie, maar nadat Hy verheerlik is, het hulle daaraan gedink dat wat daar geskrywe staan, op Hom betrekking gehad het en dat dit met Hom gebeur het.

¹⁷Die mense wat by Jesus was toe Hy vir Lasarus uit die graf geroep en hom uit die dood opgewek het, het gedurig daaroor gepraat. ¹⁸Daarom het die menigte vir Jesus tegemoet gegaan: hulle het gehoor dat Hy hierdie wonderteken gedoen het. ¹⁹Die Fariseërs het toe vir mekaar gesê: "Sien julle, julle rig niks uit nie! Kyk, die hele wêreld gaan agter hom aan!"

Johannes 20:19 – 25:

"¹⁹Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: "Vrede vir julle!" ²⁰Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien. ²¹"Vrede vir julle!" sê Hy weer vir hulle. "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." ²²Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees! ²³As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie." ²⁴Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf, was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie.

Die Gees wat Christus ons gee laat ons in God se vergifnis leef, nie ons geestelike verwagtings en versugtings nie

²⁵*Die ander dissipels sê toe vir hom: “Ons het die Here gesien!” Maar hy sê vir hulle: “As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.”*

4. Lied 434:1,2,3

Teks: Joh. 20: *“²²Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees!” ²³As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.”*

Tema: Die Gees wat Christus ons gee laat ons in God se vergifnis leef, nie ons geestelike verwagtings en versugtings nie

1. Waar het die Kerk van die Here die Heilige Gees ontvang, met die intog van die Here in Jerusalem, of in die kamer waar die dissipels bang en verslae wegkruip vir die Jode?

Die Johannes evangelie is helder en duidelik oor hierdie vraag. Die Here het nie Sy Gees gegee aan die skare wat Hom as koning uitgeroep het toe Hy Jerusalem binnegegaan het nie. Die Here het aan die Kerk Sy Gees gegee, aan die verslae en bang dissipels wat vir die gemeenskap en Jode wegkruip het.

Daarom moet ons baie goed kan onderskei wat is die geestelikheid van die skare wat die Here as koning uitroep met Sy intog in Jerusalem, en hoe verskil dit van die gawe van die Heilige Gees wat Christus aan Sy kerk gee.

Die geestelikheid van die skare gaan oor versugtinge, maar die gawe wat Christus gee, is om oordeelloos in vertroue in die liefde van God te mag leef. Dit noem die apostel die Ewige lewe.

2. Wat gebeur in die Here se simboliese optrede om oor die dissipels te blaas en dan aan hulle die toesegging te maak: ontvang die Heilige Gees!

Wat hierdie gawe is, blyk duidelik uit die toestand waarin die dissipels verkeer op die Sondagaand in hierdie kamer in Jerusalem.

Hulle is bang en verslae.

Verslae omdat hulle dieselfde verwagtinge in Jesus gehad het en dieselfde oorgawe aan Hom betoon het, as die opgewonde skare wat Hom met Sy binnekoms in Jerusalem ontvang het.

Hulle het verwag dat Jesus met Sy intog in Jerusalem Sy koningskap gaan aanvaar as Messias soos wat hulle en die skare Hom uitgeroep het, en dan die nuwe godsryk op aarde tot stand sal bring: die Messiaanse koninkryk.

As dissipels sou hulle die geestelike leiers gewees het wat saam en namens Hom oor die wêreld sou regeer, met God se Wet as die landswet vir alle mense.

In ons taal sou hulle die kerkraad wees wat kyk dat die hele gemeenskap die wette van God gehoorsaam: die wat dit nie gehoorsaam nie, sou met landswette gemeenskapstrawwe opgelê word. Geen mens wat hom nie aan God se wette onderwerp nie, sou in die gemeenskap en land toegelaat word nie.

Die Gees wat Christus ons gee laat ons in God se vergifnis leef, nie ons geestelike verwagtings en versugtings nie

3. Dit was die misgissing van Sy dissipels en die hele Joodse skare wat Hom as koning uitgeroep het.

Dit is ook hoekom die apostel Johannes nie die begrip “koninkryk van God” gebruik soos wat die ander drie evangelies hierdie begrip gebruik nie.

Die begrip “koninkryk van God” word net op twee plekke in Johannes gebruik, en dan elke keer as afwysing van die gedagte dat Jesus ’n “koninkryk van God” op aarde sou kom oprig het. Die woord wat Johannes as alternatief gebruik vir “koninkryk”, maar dieselfde betekenis het as hierdie woord in die eerste drie evangelies, is die woord: “die Ewige Lewe”.

In Johannes 19 stel die Here aan Pilatus duidelik: ³⁶“My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie,” antwoord Jesus. “As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.” ³⁷“Dan is jy tog wel ’n koning?” vra Pilatus. “Dit is soos u sê: Ek is ’n koning,” antwoord Jesus. “Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê.”

Jesus is koning, maar Sy koninkryk is nie van hierdie wêreld nie. Die koninkryke van hierdie wêreld maak wette en dwing hierdie wette af met straf en beloning.

Dit is hoe die Jode God se koninkryk wou hê: die Messias moet met God se krag en mag, God se wette afdwing op die gemeenskap met straf en beloning, en Sy dissipels sal Sy uitvoerende amptenare wees, nes die geestelike leiers van Islam God se parlement en kabinet op aarde is.

4. Wat Jesus as koning van Sy ryk doen wat nie van hierdie wêreld is nie, openbaar die Here aan Nikodemus in Johannes hoofstuk 3:

³“Daarop sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.” ⁴Nikodemus vra Hom toe: “Hoe kan ’n mens gebore word as hy al ’n ou man is? Hy kan tog nie ’n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie?” ⁵Jesus het geantwoord: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie. ⁶Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees. ⁷Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie. ⁸Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.”

¹⁴Moses het die slang in die woestyn hoog op ’n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, ¹⁵sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê. ¹⁶“God het die wêreld so lief gehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. ¹⁷God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.” (Joh.3)

Christus laat Hom nie as koning verhoog deur die opgewonde geestelike skare wat Hom as koning uitroep nie. Hy verhoog Homself as Koning deur Sy lyding vir sondaars se sonde en om Here te word wat sondaars nie veroordeel nie.

Die Gees wat Christus ons gee laat ons in God se vergifnis leef, nie ons geestelike verwagtings en versugtings nie

Die Gees wat Christus as Koning gee, laat mense glo in Christus se lyding en opstanding as die werk van God, waardeur hulle nooit weer deur God vir hulle sondes veroordeel sal word nie, maar altyd sal deel in Sy liefde.

5. Daarom moet u goed let op die ooreenkoms tussen Jesus se woorde: *“⁸Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is”*

en

die Here se simboliese optrede deur oor Sy dissipels te blaas en met hierdie “wind” wat Hy oor hulle blaas, hulle deel te maak van die toesegging van die vergifnis van sonde.

Jesus is die Here wat nooit Homself verheerlik deur die koningskap van geestelike yweraars te aanvaar nie. Hy is die Koning wat Homself as Here verheerlik deur Sy kruis en veroordeling as sondaar in die plek van sondaars.

Die Gees wat die Here aan Sy kerk gee, is nie die gees waardeur God mense in die hulle entoesiasme en ywer om God deur God se wet koning van die wêreld te maak, bemagtig nie.

Die Heilige Gees is die Gees van vergifnis.

Die Gees wat Jesus aan Sy kerk gee, is die Gees van vergifnis: geen veroordeling vir enige sonde vir hulle wat glo Hy was in hulle plek die veroordeelde gewees nie.

Jesus blaas oor Sy dissipels as die verheerlikde Here. Hiermee wys die Here Hy gee die Gees wat mense wedergebore laat word. Wat mense verander van mense wat Jesus wil Koning maak, tot mense wat Jesus aanvaar as die veroordeelde en opgestane Here.

Dit is die veroordeelde en opgestane Christus wat die Gees laat waai waar Hy hom wil laat waai; waar Christus oor mense “blaas” ontvang hulle die Gees van God se liefde en glo hulle in Jesus Christus as die Here wat nie veroordeel nie.

6. Die gawe van die Here aan die Kerk is vergifnis van sonde. Dit is om nie veroordeel te wees nie omdat Jesus die veroordeelde voor Pontius Pilatus was. Dit is om deur die veroordeling van Jesus as kinders van God aanvaar te word deur God, en in Sy liefde te leef. Dit is die gawe van die Ewige Lewe: om altyd in God se liefde te leef, en nooit deur God veroordeel te word vir enige sonde nie.

Die Here gee hierdie gawe aan die dissipels om so in Hom te leef en Hom so te verkondig!

Waar die Kerk verkondig dat Jesus Homself verheerlik het as die veroordeelde in ons plek – waai die Gees en kom mense tot geloof in Jesus Christus.

7. Wat het regtig gebeur met Jesus se intog in Jerusalem?

Die Gees wat Christus ons gee laat ons in God se vergifnis leef, nie ons geestelike verwagtings en versugtings nie

In ons taal was dit die eerste geestelike herlewing of opwekking in die Naam van Jesus.

Johannes verbind Jesus se opgewonde ontvangs deur hierdie skare spesifiek aan Lasarus se opwekking uit die dood. Kom ons kyk net weer hoe die apostel dit uitwys:

“⁹Baie van die Jode het verneem dat Jesus daar is en het daarheen gekom, nie net ter wille van Jesus nie, maar ook om vir Lasarus te sien wat Hy uit die dood opgewek het. ¹⁰Die priesterhoofde het toe besluit om ook vir Lasarus dood te maak, ¹¹omdat baie van die Jode deur hom na Jesus toe oorgeloop en in Hom geglo het. ¹²Die volgende dag het die groot menigte mense wat na die fees toe gekom het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom.”

Hulle het gehoor van die opwekking van Lasarus uit die dood en wou hierdie wonderwerk wat gebeur het, sien. Hulle het Jesus spesifiek gaan ontvang in die verwagting van wonderwerke.

Die opgewonde gees waarin hulle Hom ontvang, is die gees van die afwagting van wonderwerke. In hierdie verwagting van wonderwerke roep hulle Hom uit as die Joodse Messias-koning.

Hulle maak van die Here se binnegaan in Jerusalem as die plek waar Hy as sondaar veroordeel en gekruisig sal word, 'n magsvertoon en oorwinningsoptog van hulle geestelike verwagtings en versugtings.

Dit doen hulle met die palmtakke. Dit was simbole van mag en die oorwinning van mense wat veg vir reg en geregtigheid teen goddeloses.

Dit was die tekens wat op die Joodse muntstukke gemunt is met die Makkabese opstand teen die Romeinse ryk.

Met hierdie palmtakke gee hulle Jesus die mag van die Joodse koning wat saam met die regverdiges teen die ongeregtigheid van goddeloses veg en oorwin. Daarom roep hulle ook uit “Hosanna: Prys Hom”, en dat hulle hulleself aan Hom onderwerp as die Koning van Israel.

Hierdie is al die elemente van dit wat ons vandag ken as geestelike herlewing:

- Mense wag opgewonde op die wonders wat God gaan kom doen deur Jesus.
- Mense gee die mag oor aan Jesus deur hulle lewe, en die beheer van hulle lewe, aan Jesus oor te gee.
- Mense verwag dat Jesus die goddeloses van hierdie wêreld aan hulle sal onderwerp.
- Mense verheerlik Jesus met lofprysing.
- Mense glo dat Jesus in die krag en Naam van God, hulle met 'n gees van oorwinning sal vervul.

8. Wat doen Jesus met hierdie geestelike herlewing in Sy Naam?

Ons mag nooit die simboliese betekenis van wat die Here doen as antwoord op hierdie herlewing, miskyk in die Evangelie nie. As antwoord op hulle geestelike herlewing, klim Hy op 'n donkie en ry deur die herlewing deur, op 'n donkie.

Hiermee wys die Here dat Hy nie die Here van hierdie herlewing is nie. Hy is die Here soos beloof in Sagaria: *“⁹Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie. ¹⁰Ek sal die strydwaens in Efraim vernietig, die perde uit Jerusalem uitroei. Die pyl en boog waarmee oorlog gemaak word, sal gebreek word. Die koning sal vrede vir die nasies afkondig en hy sal regeer van see tot see, van die Eufraat af tot in die uithoeke van die aarde.”*

As die Here hulle herlewingsgees sou aanvaar het en die Koning sou geword het, wat hulle hulleself aan onderwerp het, dan sou Hy met 'n perd 'n optog die stad ingelei het. Want dit was die teken van stryd en oorwinning; van onderwerping en oorheersing.

Die Here Jesus is nie die Here van herlewing nie. Hy word nie Koning in en deur 'n herlewingsgees nie. Hy is die Here van die Gees van vergifnis van sonde. Hy onderwerp nie goddeloses nie. Hy word in hulle plek die veroordeelde goddelose sodat sondaars deur Sy genade in God se liefde kan leef: die Ewige lewe!

Met hierdie donkie as simbool van Sy lyding en opstanding uit die dood, verwerp die Here hulle herlewingsgees waarin hulle Hom Koning van hulle stad, land, volk en lewe maak.

Dit is nie toevallig dat hierdie selfde skare Jesus se verwerping van herlewingsgees antwoord met die woede waarin hulle toe skreeu: “Kruisig Hom” nie. In Sy veroordeling kan hulle Hom nie koning van hulle land, nasie of lewe maak nie.

Hulle soek nie die Heilige Gees, die gees van vergifnis van sonde nie. Hulle soek 'n Koning vir hulle herlewingsgees: hulle sal God Koning maak van hulle geestelike verwagtings en dan moet God met Sy krag en wonderwerke, die God van hulle geestelike verwagtings wees.

9. Daarom moet ons hierdie geweldige verskil ontdek tussen die herlewingsgees en die Here van herlewing, en die Heilige Gees as die Gees van vergifnis.

Aan wie het die Here Sy Gees gegee?

Hulle wat Hom as Koning van hulle lewe uitgeroep het en in die gees van oorwinning hom met lofprysing besing het?

of

Die Gees wat Christus ons gee laat ons in God se vergifnis leef, nie ons geestelike verwagtings en versugtings nie

Aan 'n klompie bang, verslae mense wat geen verwagting meer van Hom gehad het, en glad nie meer in Hom geglo het nie?

Want dit was die dissipels op hierdie Sondagaand gewees: verslae dat geen van hulle geestelike verwagtings waar geword het nie, dat Jesus geen wondermag of wonderwerk gedoen het om die Jode en Romeine te verslaan nie, geen geestelike mags-setel in Jerusalem opgerig het nie, en nou dood is!

Hulle het nie gesit en wag as gelowiges dat Hy as mens uit die dood sal opstaan nadat Hy as mens in hulle plek veroordeel is nie.

Die gawe van die Heilige gees word gegee aan hulle wat nie glo nie, om te glo sodat hulle in die gawe kan leef dat hulle nooit weer God hoef te vrees vir Sy oordeel oor sonde nie.

10. Het die Here na Sy opstanding skielik verander as die Here wat nou die Here van herlewings is?

Dit kan maklik so lyk as jy kyk na die absurditeit van die viering van Palmsondag, wat al meer in die NG Kerk gevier word.

In baie gemeentes word Palmsondag nou as 'n Christelike fees gevier. Hoe vier 'n mens hierdie gebeurtenis van die Jode en die dissipels se ongeloof in Jesus, as 'n Christelike fees?

Dit word gevier as 'n fees van nabootsing. Dit word gevier deur met palmtakke in die erediens in te kom en die Here se intog en feestelik ontvangs deur die Jode te dramatiseer.

Om wat uit te beeld?

Gewoonlik word dit so uitgebeeld dat ons nou Jesus op deur regte wyse moet ontvang en Hom op die regte wyse moet Koning maak, nie met magsvertoon nie, maar in dieselfde nederigheid waarin Hy as Koning gekom het. Ons ontvang Jesus met sagmoedigheid en moet Sy sagmoedigheid in die wêreld uitdra.

Ons moet dan met 'n gesindheid van sagmoedigheid saam met Koning Jesus op Sy donkie loop, en nie met die verkeerde gesindheid saam met Hom op Sy donkie loop nie.

Dit is die nabootsing van Jesus. Wie so saam met Jesus loop, ontvang die Gees van Jesus se sagmoedigheid en deur die gees van Jesus se sagmoedigheid, word die krag van God se herlewing in die wêreld losgelaat.

En dan word Jesus die Here van die herlewingsfees van Palmsondag! En die Here van alle geestelike herlewings.

Hierdie valse vroomheid, broers en susters, is net so absurd as om van Judas se verraad van die Here, 'n Christelike fees te maak om te wys dat ons nie Jesus moet verrai nie.

11. Die apostel Johannes stel dit duidelik dat die dissipels ná die Here se verskyning as mens eers weer gedink het oor Sy inkoms in Jerusalem, en toe verstaan het dat Hy as Here nie die Here was wat hulle en die Jode en met Sy inkoms in Jerusalem van Hom gemaak het nie – die Here van hulle geestelike herlewing. Die Here van hulle geestelike verwagtings en versugtings.

Hy is nie die simbool van nederigheid vir mense wat deur nederigheid God se krag en mag in hierdie wêreld verkry en loslaat nie. Wat Hy doen is om te ly en uit die dood op te staan, en dit was waarvan daardie donkie 'n teken was – Sy lyding vir sondaars. Nie van Sy navolgingswaardige nederigheid nie.

Jesus was nie maar net nog 'n Mahatma Ghandi wat 'n simbool van pasifisme is, of 'n Boeddha wat simbool van selfloosheid is nie.

Hy is die teenwoordige Here, wat self die sondige mens was wat ons nou is, en ons daarom as Sy kinders aanneem.

Hy is die Here wat ons laat glo in Christus as die veroordeelde vir ons sonde.

12. Alle geestelike herlewings begin by mense wat Jesus uitroep as hulle Koning en hulle lewe aan hom oorgee, in die verwagting van die wonderkrag en wondermag van God vir en in hulle lewe.

Alle herlewings eindig met die oproep: kruisig Hom!

Want die Here is en sal nooit wees wie mense in hulle opgewondenheid van Jesus verwag om te wees nie.

Dit is hoe die volksherlewing van die Afrikaanse gemeenskap begin het in 1936 – dit is uitgeroep in die naam van Jesus. Hy is opgewonde aangekondig as die Here van die volk.

Dieselfde geestelikes het hierdie Here van die volk weer gekruisig, en elkeen wat hulle geglo het vir hulle volksherlewing, verwyd vir hulle verwagting in die Here.

Jy kan nou volgens hulle nie 'n ware Christen wees voor jy nie eers die 'Volksjesus' kruisig nie.

Dit is hoe die nuwe nasieherlewing nou bedryf word. Jesus word opgewonde uitgeroep en verklaar as Here van die nasie, en met lofprysings en magsvertoon word Hy gevier as die Here van almal in die nasie.

Maar hulle sal hierdie Jesus vir die nasie weer kruisig as die nasie se verwagtinge verspoel tot niks.

En dit geld vir elke geestelike oplewing waarin mense Jesus Koning maak deur die beheer van hulle lewe aan Jesus te gee, hulle wil aan Sy wil ondergeskik te maak, en hulleself aan Hom oor te gee in die verwagting dat Hy God se krag in hulle lewe 'n werklikheid sal maak.

Die Gees wat Christus ons gee laat ons in God se vergifnis leef, nie ons geestelike verwagtings en versugtings nie

Die hele ateïsme van die Westerse beskawing het met geestelike herlewings begin: die feestelike oproep van Jesus as Koning van hulle geestelike verwagtings. Dit was die geestelike hart van Reveil, Metodisme, Piëtisme en die Pinksterbeweging.

Dit is ook nou die drif van geestelikes wat mense laat herleef het, maar nou wil oortuig dat hulle hulle van hul fundamentalisme moet wegkeer. Die Jesus waarmee hulle tot bekering gekom het, is vandag te fundamentalisties vir die nuwe nasiegemeenskap.

13. Daarom moet ons die Here van Sy kerk ontdek!

Hy gee Sy Heilige Gees as die gawe van vergifnis van sonde. Hy, die veroordeelde mens, maak sondaars vry van God se oordeel oor sonde. Hy laat ons deur Sy genade in God se liefde leef.

Dit is opvallend hoe mense hieroor net nie opgewonde kan raak nie.

Dink u die verkondiging van die vergifnis van sonde maak massas opgewonde?

Waar sien u dit gebeur?

Waar sien u dat mense in die wete dat daar geen wonderwerke gaan gebeur, niemand wat siek is op 'n wonderbaarlike wyse gesond gaan word, niemand uit die dood gaan opstaan nie en die Here niks van hulle koningsverklarings en gedienslike nederigheid en onderworpenheid gaan aanvaar nie,

maar dat God hulle sonde gaan vergewe, maak dat hulle in massa-opgewondenheid na die Here stroom?

Die hele herlewingsgeestelikheid gaan oor gawes ná vergifnis, nie oor vergifnis deur geloof in die plaasbekledende veroordeling van die Here nie. Dit gaan oor dit wat meer, groter, anders, beter en kragtiger is as die vergifnis van die Here.

Daarom moet ons ontdek watter Gees is die Gees wat die Here gegee het!

Die gees van die Joodse massa met Sy intog in Jerusalem, of die Gees van Sy opstanding! Die gees van herleefde verwagting, of die Gees van vergifnis!

Ons ken en dien die Here met die gawe van Sy Gees: Hy was die veroordeelde sonder in ons plek, sodat ons vandag, elke dag, ten spyte van ons sonde, oordeelloos in God se liefde leef.

Ons het die Gees van vergifnis en die Ewige lewe ontvang – deur ons geloof in Jesus se lyding en opstanding.